

Inhoud Hierdie preek wys dat gelowiges juis deur verdrukking in hierdie wêreld hoop kry terwyl ongelowiges deur verdrukking in wanhoop verval. Ongelowiges wil net van verdrukking bevry word, om net weer die volgende geslag onderdrukkers te word, terwyl gelowiges deur verdrukking heen hul bestemming vervul. God self het ons in 'n wêreld van verdrukking gestel deur nie sondaars van hul posisie om oor die sy te heers, uit sy skepping weg te vat nie. Deur hierdie verdrukking heen hou God sy kinders deur Christus se dienswerk in stand sodat hulle nie deel van die sinloosheid van verdrukking word nie, hou God hulle in sy liefde sodat hulle nooit in die liefde onderdruk kan word nie. Deur hierdie geloof in ons dienswerk en sekerheid van ons liefde, leef ons in die hoop dat God ons deel van die nuwe skepping gemaak het. Daarom kan ons nooit deur verdrukking enige mens of instelling se slagoffer, onderdrukke of gevange word nie. Ons leef met God al reeds in die heerlijkheid van ons ewigheidsbestemming.

Skriflesing Romeine 5: 1 – 11; 8: 18 – 28. (Direkte Afrikaanse Vertaling)

Teks Rom.5: 3,4. “Ons jubel ook oor ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerk volharding; en volharding lei tot beproefdheid en beproefdheid tot hoop.”

Tema Deur verdrukking vorm Christus in ons hoop op ons heerlijkheid.

1. Verdrukking in hierdie wêreld skep in ons hoop, nie wanhoop nie. Dit is die besondere van Paulus se aankondiging dat Christene oor hulle verdrukking jubel. Dit beteken innig bly wees. Innig bly oor verdrukking in die wêreld omdat deur hierdie verdrukking alles gebeur wat in ons hoop op ons toekoms skep!

Alles wat Paulus in hierdie sin stel, is totaal teenstrydig met wat gewone mense as hoop sien en glo! Vir gewone mense is hoop die verwagting dat ons van verdrukking in hierdie wêreld bevry sal word. Ons moet bevry word van politieke onderdrukking, ekonomiese onderdrukking, sosiale onderdrukking, onderdrukking deur ons eggenote, ouers en kinders.

Vir hierdie tipe hoop om van verdrukking in hierdie wêreld bevry te word, is daar al 'n spesiale geloof geskep wat genoem word “die teologie van hoop”. Dit is hierdie geloof wat ook elke deel van ons eie samelewing nou deursuur want omtrent elke mens sien homself nou as een of ander onderdrukke wat van verdrukking bevry moet word.

2. Hierteenoor verklaar Paulus dat Christene nie swarmoedige, beklemde, bevange en ingeperkte mense is wat deur hulle verdrukking nie hulle self kan wees soos hulle bedoel is om mens te wees nie. Christene jubel in hulle verdrukking in hierdie wêreld want dit is die proses waardeur hulle hul volle bestemming en bedoeling as mens bereik.

Verdrukking bewerk in Christene volharding, wat oorgaan tot beproefdheid wat weer oorgaan tot hoop.

Kan u die geweldige kontras raaksien! Vir die wêreld bring verdrukking wanhoop as hulle nie van verdrukking bevry word nie. Vir gelowiges bring verdrukking alles wat hoop binne in hulle skep! Dit is die volle kontras. Hierdie wêreld moet van verdrukking verlos word om hoop te kry maar die kerk kry sy hoop deur die verdrukking wat hulle in hierdie wêreld ervaar.

3. Met hierdie sin, “ons weet verdrukking bewerk volharding; en volharding lei tot beproefdheid en beproefdheid tot hoop.” is Paulus besig met die drie woorde waarmee hy van eerste brief, 1 Tessalonisense tot en met sy laaste brief wat ons van hom het, Romeine, die volle verlossing van die evangelie deur Jesus Christus saamvat: geloof, liefde en hoop.

Hierdie drie woorde vat alles wat Christus vir ons as Here is en doen volledig saam. Paulus begin sy brief aan die Tessalonisense met die sin: “Voor God die Vader onthou ons onophoudelik die werking van julle geloof, die moeitevolle inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus.” (1 Tim. 1: 2-3) Alles wie Jesus vir ons is in drie woorde opgesom: 1. die werking van ons geloof in Jesus Christus, 2. die inspanning van ons liefde vir Jesus Christus en die 3. volharding van ons hoop op die wederkoms van Jesus Christus.

Deur al sy briewe is dit hoe hy die volle verlossing van die Here vir ons beskryf soos hy dit ook opsom in 1 Kor. 13: 13 En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie – maar die grootste hiervan is die liefde.”

In Romeine 5 is dit ook die drie sake wat ons laat jubel. 1. Die geloof waardeur God ons in sy genade laat vasstaan, 2. die hoop om deel aan die heerlikheid te hê waarvoor Christus ons bedoel en bestem en 3. om vervul te wees met die liefde van God wat in ons harte uitgestort is. Weer die samevatting van Christus se volledige verlossing: geloof, hoop en liefde!

4. Volhardende geloof en beproefde liefde wat hoop in ons skep!

Om te weet wat is die tipe hoop wat in ons leef wat verdrukking net 'n proses maak waarin ons van ons hoop vir die toekoms verseker word, moet ons dus kyk wat beteken die eerste twee woorde, geloof en liefde, dan sal dit ons wys met watter tipe hoop leef Christene wat hulle oor verdrukking bly laat wees.

Dit is die tipe hoop waarmee Christene vervul word en waarin hulle jubel in verdrukking! Die hoop wat deel is van geloof en liefde!

Die geloof is altyd soos Paulus dit in Romeine 5 vers 2 stel: die geloof in Hom wat ons toegang gee tot hierdie genade waarin ons vasstaan! Dit is die geloof in Christus, dat ons ten spyte van elke sonde wat ons doen, vir God altyd reg en regverdig is. In Rom. 3: 28 stel Paulus hierdie vaste sekerheid só: “Ons is immers daarvan oortuig dat ’n mens geregverdig verklaar word deur die geloof, en nie deur die werke van gehoorsaamheid nie.” Altyd reg en regverdig vir God, nie omdat ons gehoorsaam is, soos ons volgens sy wet gehoorsaam moet wees nie, maar omdat God ons regverdig maak deur ons in te sluit in die regverdigheid van Jesus Christus.

5. Wat is volhardende geloof?

Om te weet wat volhardende geloof is, moet ons eers weet wat is verdrukking. Die Woord van God wys vir ons iets oor die aard en werking van verdrukking wat nie een ongelowige ooit sal kan herken of erken nie. Dit ontdek ons in die verklaring wat Paulus in Rom. 8: 20 -21. maak. “Want die skepping is onderwerp aan ’n sinlose bestaan, nie uit eie keuse nie, maar deur Hom wat dit daaraan onderwerp het”, en dan noem Paulus hierdie sinlose bestaan van die skepping ook die skepping se verslawing aan die verganklikheid.”

Dit is die verdrukking van en ook in die skepping waaraan God die skepping onderwerp het. Waarvan word hier gepraat? Dit verwys na die Here se besluit in Genesis 3: 17 na die mens se sondeval: “Vir die mens het die Here God gesê: “Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek.”

Die vervloeking van die aarde beteken nie dat die Here die skepping straf nie, daarom stel Paulus die kwalifikasie “nie uit eie keuse nie”, maar dat die Here steeds die aarde onder die bestuur en beheer van mense stel, al is hulle nou nie meer mense wat mense vir God wil wees nie, maar mense wat glo hulle is self God en soos God.

Dit is net soos met boere wat arbeiders wat hulle besteel, hulle skade berokken en die ander arbeid oprui en intimideer, steeds in diens hou en hulle nie ontslaan nie. God self het besluit om mense wat die aarde kan beheers, nie uit hierdie magsposisie oor die aarde in sy skepping weg te neem of te ontslaan nie.

6. Deur hierdie mense, wat glo hulle is God en goddelike kragte soek, en wie God nie hulle besondere posisie in en oor sy skepping van hulle wegvat nie, is die hele skepping nou verdruk deur die magslus van mense maar ook die besluit van God om hulle nie nou al uit sy skepping nou weg te neem nie. Met hierdie magslus maak hulle God se skepping sinloos.

- Renosters word uitgewis omdat hulle neuse jou goddelike seks in die Ooste gee;
- Donkies word uitgeskiet omdat hulle velle magiese kragte in China het;

- Olifante word uitgewis omdat pronkerige mense die ivoor van hul tande met juwele as magssimbole dra;
- Die natuurlike wildlewe word uitgewis omdat mense 'n gevoel van mag daardeur verkry om hulle dood te maak of omdat hulle kos verniet wil hê, sonder dat hulle wil werk vir kos.
- Net so word die inheemse woude gestroop omdat hulle gratis energie wil hê en nie deel van 'n werkende gemeenskap wil wees nie.
- Water word besoedel, grond word uitgeput en velde word verwoes omdat mense seks as magsmiddel en bron van vermaak sien, en nie die verantwoordelikheid wil aanvaar van dit wat bedoel is om kinders te verwek nie.

Deur die magsug en wetteloosheid van hulle wat glo hulle is soos God, word die hele skepping verdruk, want God hou hierdie tipe mense nog steeds aangestel as heersers oor die sy skepping, met al die tegnologiese mag wat hulle ontwerp.

7. Die verdrukking van die hele skepping beteken ook die verdrukking van mense. Mense wat nie meer oor die skepping as vennote wil heers nie, maar oor hulle medevennote, ander mense, as magshebbers wil heers, is nou mense se verdrukpers en die bron van verdrukking van mense.

Dit is die kern van elke vorm van verdrukking wat mense in hierdie skepping ondervind! Mense wat mense wil onderwerp en oorheers as hulle meesters, en nie hul medevennote in diens van God oor sy skepping wil wees nie.

Dink maar aan enige vorm van pyn, verlies, gekwetsheid, skade en ellende wat u moet saam dra in jou lewe – dit is deur mense wat eie magtig jou heerser wou wees en jou aan hulle magsdrif onderwerp het!

Die skepping is onderwerp aan 'n sinlose bestaan en aan die verslawing van verganklikheid onderwerp, beteken dat mense mense se lewe sinloos maak en hul van hul ewigheids waarde probeer roof! Soos Paulus dit stel in Romeine 1: 23 Hulle het die heerlijkheid van die onsterflike God verruil vir die afbeelding soos dié van 'n sterflike mens en van voëls van diere en kruipende diere.

8. Volhardende geloof in hierdie verdrukking!

Verdrukking wat volharding in geloof bewerkstelling! Hoe kan hierdie verdrukking bewerk dat ons in die geloof volhard? Want in alle verdrukking leef ons met die vaste sekerheid dat ons en ons dienswerk is vir God reg. Daarom is ons, soos Efe. 2: 10 dit stel ons hele lewe besig om ons lewe te wie aan die goeie daad waarvoor God ons bestem het. Reg en regverdig gemaak in en deur Christus om met ons skeppingsbedoeling, ons skeppingsbestemming, ons dienswerk vir God besig te wees.

Geen verdrukker of enige vorm van verdrukking kan dit van ons wegneem nie: ons is nie deel van die sinloosheid waaraan God die skepping deur sondaars se sonde onderwerp het nie, ons is besig met die sinvolheid van ons bedoeling as mens vir God. Ek is besig met my diens aan God en besig met die goeie daade waarvoor Hy my in my gene voor bestem het en in Christus weer aan verbind het.

Hiervan is Paulus se dienswerk as prediker van die evangelie vir ons 'n voorbeeld. Hy is met swepe geoesel, in die tronk gesit, in howe aangekla, uit dorpe uit verdryf en in sy prediking belaglik en bespotlik gemaak. Só is hy verdruk, maar in hierdie verdrukking het God sy goeie werke gebruik om sy kerk te vestig en vir 2000 jaar deur sy briewe as die Woord van God in stand te hou. Sy verdrukke met hulle verdrukking kon nie sy dienswerk sinloos maak nie, selfs nie eers deur sy kop af te kap asof hy 'n misdadiger was nie.

Innig bly in verdrukking dat ons reg en goed is vir God in dienswerk! In en deur hierdie verdrukking leef ons volhardend in die geloof dat ons nie voor God skuldig is nie, maar in ons diens aan Hom reg en regverdig is. Vry gemaak van die sinlose bestaan wat as vloek van God oor hierdie wêreld lê: ek kan nie vir God in my lewe en dienswerk goed en reg wees nie, ek leef in 'n sinloosheid dat ek vir God my Maker niks beteken nie! Bly in verdrukking en deur verdrukking heen, volhardend in geloof!

9. Die ongelowige wêreld wil nie vry wees van die sinloosheid van 'n lewe wat vir God reg en goed is nie, hulle wil net vry wees van verdrukking!

Daarom soek hulle altyd na vryheidsleiers, vryheidsvegters en vryheidshelde! Mense wat hulle sal lei en help om teen hulle verdrukke te veg, hulle verdrukke te verdryf, hulle dood te maak en met geweld die mag van hulle verdrukking te beëindig

Sodat wat?

.

Sodat hulle vry kan wees om te doen wat en te leef net soos hulle lus is, om weer te kan maak en breek soos hulle lus is. Hulle wil vry wees vir dit wat die Bybel noem, om 'n sinlose bestaan te voer waarin hulle vir God met hul daade en lewe niks beteken nie. Die ironie is dat alle bevrydes op hierdie wyse, om vry te wees om te doen waarvoor hulle lus is en waarheen hul luste hul lei, net weer die volgende geslag onderdrukkers word vir hulle wat leef in diens van God.

Daarom is gelowiges bly in en deur verdrukking, want God hou in hul die sinvolheid van diensbaarheid wat Hy vir hulle goed en reg laat wees, sodat hulle nie net weer die volgende geslag bevrydes is wat weer verdrukke word nie.

10. Christene is innig bly in en deur die verdrukking van hul verdrukkers, want dit laat hul in 'n beproefde liefde leef.

Christene is bly in verdrukking want dit maak hulle liefde beproefde liefde. Paulus stel dat God sy liefde in ons harte uitgestort het deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. Christus stort hierdie liefde in ons harte uit in verdrukking, nie eers na ons van verdrukking bevry is nie. In politieke, ekonomiese, godsdienstige en persoonlike verdrukking deur die sondes van jou geliefdes, maak Hy jou deel van sy liefde, en laat Hy jou liefde vir Hom volmaak wees ten spyte van al die gebreke daarvan. Alle verdrukking wat God oor ons beskik laat Hy vir ons ten goede werk vir hierdie liefde waarin Hy ons vashou. (Rom. 8: 28)

Niks in enige verdrukking kan hierdie liefde van ons wegvat, minder maak of vernietig nie. In hierdie liefde is ons klaar deel van die volle bedoeling van die skepping en verlos van die sinloosheid waaraan die skepping onderwerp is. (Rom. 8: 20) Verdrukking maak hierdie liefde beproefde liefde waarin ons nooit verdrukkers se onderdrukte kan wees nie. Verdrukking onderdruk alle selfbehepte liefdes, soos liefde vir geluk, sukses, gemak, welvaart, genot en gemoedelikheid. Wie vir hierdie liefdes leef, word regtig deur verdrukking onderdruk in hierdie liefdes, maar die liefde wat God in ons harte uitstort kan nooit onderdruk word nie. Daarom maak verdrukking hierdie liefde net beproefde liefde, liefde waarin alles, ook alle verdrukking ten goede meewerk.

Daarom is gelowiges in hierdie liefde verdruk maar nooit enige verdrukker se onderdrukte nie, wat kamstig eers deur God of geestelikes van verdrukking bevry moet word nie.

11. Mense sê baie: "Ons sien nie meer hoop nie", bedoelende dat hulle geen einde aan hulle verdrukking sien nie, en daarom geen toekoms meer sien nie. Hierteenoor stel Paulus: 1. Hoop wat gesien word, is nie regtig hoop nie (8:24) en 2. ons hoop is om met vaste sekerheid te wag op wat ons nie sien nie. Christelike hoop is ons vaste sekerheid dat die Here ons sal laat deel van wees van sy nuwe skepping sonder verdrukking met sy wederkoms.

Ons sien ons verdrukking tot die wederkoms as deel van die besluit wat God in Genesis geneem 3: 17: "Vervloek is die aarde deur jou toedoen", wat Paulus noem onderwerp aan 'n sinlose bestaan. (Rom. 8: 20) Die Here self het ons aan verdrukking deur sondaars in sy skepping onderwerp, deur hulle nie hul bekwaamheid of bevoegheid om oor die skepping te heers te ontnem nie.

Vryheid van verdrukking sal die Here self eers bewerk in sy nuwe skepping, nie enige magtige of geestelike voor die tyd nie. Tot dan egter leef ons reeds in die sekerheid dat ons goeie werke en liefde is deel van die nuwe skepping wat kom. Hierdie goeie werke en liefde wat ons klaar ontvang het binne verdrukking, gee ons

die vaste hoop op die toekoms deur alle verdrukking heen – ons lewe is deel van die toekoms: die nuwe skepping van die Here.

12. Daarom gee ons onself nie in wanhoop oor aan die mag van ons verdrukke met 'n tipiese Stockholm-sindroom nie: ons enigste toekoms is om soos ons onderdrukkers te wees!

Hierdie geestestoestand is die eerste keer in 1973 beskryf en dit kom daarop neer dat die gevange van verdrukke 'n geestelike vennootskap aangaan met hulle wat hulle bevange maak as 'n strategie van oorlewing. Die verdruktes begin simpatieser met hulle verdrukke, begin glo in die goeie menslikheid van hulle verdrukke, begin glo in die egtheid en opregtheid van hul verdrukke en begin hulle self identifiseer met die eise en agenda van hul onderdrukkers asof dit hul eie lewensplan en eie lewensverwagtings is. Ironies genoeg word mense in hierdie sindroom in hulle self oortuig dat die mense wat hulle uit hierdie bevangenhede wil bevry, is hulle ware vyande.

Ek is van mening dat 'n groot deel van die Afrikaanse gemeenskap in hierdie geestestoestand bevange is. Omdat hulle in die huidige verdrukking in hierdie land en ons gemeenskap geen hoop meer sien nie en daarom ook vir hul self geen toekoms meer sien nie, gee hulle hulself oor aan die mag van hul verdrukke asof dit hul eie mag, hul eie toekoms, hul eie waarde en eie roeping is.

Dit is die hele drif van die nuwe Afrika-romantiek wat deur ons kerk en gemeenskap spoel. In ons wanhoop in ons onderdrukking moet ons soos Afrika en Afrikane word om 'n toekoms te kan hê. Dit is die wanhoop van skoolhoofde, professore, professionele mense, sakemanne en predikante – ons hoop wat ons kan sien – lê in Afrika en daarom moet ons deel en soos Afrika word as ons hoop wil sien.

13. Teenoor hierdie hoop wat 'n toekoms wil sien, staan die Christelike hoop wat niks van sy hoop in die toekoms kan sien nie. Christelike hoop verwag met sekerheid wat mense nie in hierdie wêreld as hoop kan sien nie – die sekerheid dat ons lewe en liefde is deel van die toekoms!

Ons is seker van ons hoop dat ons liefde en goeie werke deel is van die nuwe skepping, want ons goeie werke en liefde waarmee ons nou reeds besig is, is die toekoms.

Dit is die lewe en liefde wat pas en deel is van die nuwe skepping wat die Here sal skep met sy wederkoms! Dit is juis hierdie eerste vrug van die Gees waarin ons nou reeds deel het dat ons die hoop het dat ons deel van die volle vrug van die Gees sal wees: 'n lewe sonder onderdrukking omdat die Here self die bedeling gaan beëindig dat sondaars in 'n posisie van bevoegdheid en bekwaamheid oor sy skepping is.

Waar die Here self hierdie bedeling sal beëindig, sal Hyself, nie magtiges en geestelikes nie, alle verdrukking uit sy nuwe skepping wegneem.

14. Kom ons kyk of ons hierdie Christelike hoop wat deel is van die geloof en liefde van die kerk, wat iets heeltemal anders is as hierdie wêreld se hoop om vry te word van verdrukking, kan toelig met 'n toepaslike voorbeeld.

Hoekom sal iemand ooit besluit om te begin boer? Hoekom sal enige jongmens nog in hierdie land wil besluit om 'n boer te wees? Want met hierdie besluit sal jy van die begin tot die einde van jou lewe 'n verdrukte mens wees en altyd in verdrukking leef!

Vir so 'n jongmens sal daar altyd droogtes wees. Jy gaan vir res van jou lewe sukkel en spartel om genoeg water te kry, en altyd weer nuwe boorgate moet sink vir water. Hierdie verdrukking gaan nooit ophou nie. Daar gaan vir altyd een of ander ding met die seestrome in die Indiese Oseaan gebeur wat gaan maak dat jy van een droogte na die ander een gaan spartel. Altyd deur droogtes verdruk!

Jy gaan jou hele lewe lank deur peste verdruk word. Jy gaan net mooi een gogga doodkry dan kruip daar weer 'n ander gogga iewers uit 'n gat waarvan niemand nog gehoor het en nog geen gif voor het nie, en kom vreet jou oeste. Jy gaan altyd van vroeg tot laat moet spuit, toets en weer spuit. Peste gaan jou altyd in jou werk verdruk.

Die rowers gaan nooit ophou om jou te besteel nie. Hulle gaan jou verdruk deur jou pompe, jou krag drade, jou kragkaste, jou hekke, jou gereedskap en jou oeste te besteel en as jy hulle vang gaan die polisie en regering iewers by jou 'n fout kry hoekom jy die krimineel is en hulle vrylaat. Hierdie verdrukking gaan nooit ophou nie.

Die arbeiders gaan altyd onrus veroorsaak en met stakings en opstande besig wees, maak nie saak hoe goed vir en regverdig teenoor jy vir hulle is nie. Jy wat hulle werk gee en versorg gaan altyd die vyand wees. En niemand gaan jou ooit van hulle vyandigheid bevry nie, maar elke geestelike en politikus wil hulle van jou bevry.

Net so gaan jy vir die res van jou lewe deur skelm markagente verneuk word. Jy moet die produkte lewer en hulle sal besluit hoeveel jy vir jou produk mag kry nadat hulle hul self uit jou produk verryk het.

15. Hoekom sal 'n mens ooit vrywillig kies om in hierdie verdrukking te leef?

'n Lewe sonder enige hoop op bevryding van verdrukking! 'n Toekoms met verdrukking en in verdrukking!

Daar is twee redes hoekom jongmense besluit om in hierdie verdrukking en deur hierdie verdrukking boere te wil wees. Die eerste is dat dit vir hulle net die regte lewe

is. 'n Lewe waar dit net hulle en hul Skepper is sonder enige ander amptenaar of baas wat vir jou besluit wie en wat jy moet wees. Dit is 'n lewe in die vryheid dat ek my eie bestemming het en dit net God is wat my bestemming bepaal. Die tweede rede is dat elkeen in sy hart die waarde ken van die produk waarmee hy besig is – kos. Hierdie produk se beproefde waarde is die toekoms, ongeag van enige vorm van verdrukking is en bly die waarde van kos onpeilbaar.

En hierin lê die hoop op die toekoms opgesluit. Wie met die regte lewe en met die waardevolle produk besig is, het hoop op die toekoms. In elke boer se gespartel met alle verdrukking lê hierdie hoop op 'n produktiewe plaas vir die toekoms opgesluit: in die sekerheid dat hy met net die regte lewe besig is en die sekerheid van die onmeetbare waarde van die produk waarmee hy besig is. Hierdie hoop sien hy nie in enige iets anders as net die wete van die regte lewe en regte produk nie.

Dit is die hoop van geloof en liefde waarin Christene leef in en deur alle verdrukking heen. Hierdie lewe waarin ek deel is van die sinvolheid van diensbaarheid aan god en hierdie lewe in die liefde van God, hierin lê die hoop op die toekoms oor wie God my vir Hom sal laat wees.

Hierdie hoop en toekoms kan nie gesien word nie, maar net gevind word in die geloof en liefde!

16. So! Kom ons stop hierdie nonsens dat ons in wanhoop wil verval omdat ons nie 'n toekoms sien of hoop sien nie, omdat ons nie die einde van ons verdrukking kan sien nie.

Ons hoop en toekoms kan nie gesien word in die bevryding van verdrukking nie, net so min as wat 'n boer in die hoop leef op die toekoms van sy plaas deur 'n einde aan droogtes, peste, rowers, onrus en bedrog te sien.

Ons hoop lê in ons geloof dat ons nou reeds hier deel is van ons ewige bestemming, diensbaarheid aan God. Ons hoop word gevorm deur die sekerheid dat ons nou reeds in die beproefde liefde leef van God vir ons en ons vir God.

Daarom kan ons jubel in verdrukking want dit kan ons nie hierdie hoop wat deur geloof en liefde gevorm word ontnem nie. Daarom leef ons met die hoop op die onsigbare – God sal ons verheerlik as sy kinders wanneer Hy sal kom om 'n einde aan hierdie bedeling te maak dat Hy sondaars nog steeds oor sy skepping laat heers.

Ons leef in geloof, liefde en hoop deur verdrukking tot God hierdie bedeling kom verander. Ons leef nie in die hoop of hoogmoed dat ons hierdie bedeling moet verander nie. Ons leef diensbaar, in liefde en hoop in hierdie bedeling.